

HOOFSTUK 25: JESUS SE OPENBARE OPTREDE

1. Reiniging van die tempel

Jesus het twee keer die tempel gereinig. Die eerste keer by die begin van sy openbare optrede, en die tweede keer aan die einde van sy openbare optrede. Die tweede keer was in die laaste week net voordat Hy gekruisig is.

1.1 Die eerste tempelreiniging

Tydens die eerste Paasfees wat Jesus in Jerusalem gevier het, het die eerste tempelreiniging plaasgevind.

- Hy het in die tempel die mense gevind wat beeste, skape en duiwe verkoop wat vir die offers nodig was. Dit het in die voorhof van die tempel plaasgevind waar die Jode mark gehou het, en waar hulle die Romeinse geld gewissel het vir gewyde geld.
- Jesus kon hierdie ontheiliging van die tempel nie verdra nie. Hy het 'n sweep van toutjies gevleg en almal, ook die diere, uit die tempel uitgejaag.

Die dissipels het met hierdie optrede van Jesus gedink aan die woorde van Psalm 69:10: “Die liefde vir u huis verteer my.”

- Die Jode het hulle teen Jesus verset. Hulle wou weet waaraan Jesus die reg ontleen om so op te tree, en hulle wou 'n teken sien as bekragting daarvan.
- Jesus het daarop sy liggaam as teken aangewys, wat deur hulle verbreek sou word maar deur Hom weer opgebou sou word. Die Jode het gemeen dat Hy van die werklike tempel praat en Hom uitgelag. Sy dissipels het hierdie woorde van Jesus eers later verstaan nadat Hy uit die dood opgewek is.

1.2 Gesprek oor die wedergeboorte

Nikodemus was uit die party van die Fariseërs en hy was 'n lid van die Joodse Raad.

- Hy het geweet dat Jesus 'n groot leermeester was en hy wou nader met Jesus kennis maak, maar omdat hy nie die moed gehad het om openlik na Jesus te kom nie, het hy in die nag na Hom gekom.
- Toe hy met Jesus 'n gesprek begin voer, het Jesus dadelik sy grondfout aan hom blootgelê.
 - Hy het gemeen dat 'n mens deur wetsvolbringings in die koninkryk van God kan kom, maar Jesus verseker hom dat 'n mens slegs deur wedergeboorte, dus deur 'n daad van God, daar kan ingaan.
 - Dit is die werk van die Heilige Gees.
 - Nikodemus het die wedergeboorte vleeslik opgevat, maar Jesus het dit aan hom duidelik gemaak dat dit die Gees is wat die wedergeboorte in die hart van die mens werk, en dat dit op 'n verborge manier plaasvind. “Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is” (Joh. 3:8).

Jesus het toe verder met Nikodemus gepraat oor die liefde van God en die verlossing van almal wat in die enigste Seun van God glo. God het sy Seun na die wêreld gestuur sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy het die verhoging van die Seun van die mens vergelyk met die slang wat in die woestyn op 'n paal gesit is. Almal wat in Hom glo, word gered. Hy is die lig wat na die wêreld toe gekom het.

Van Nikodemus word nog 'n paar keer in die Bybel melding gemaak.

- Hy het in die Joodse Raad vir Jesus gepleit (Joh. 7:50,51), en
- ná die dood van Jesus het hy speserye gebring vir sy begrafnis (Joh. 19:39).

2. Die navolging van Jesus

2.1 Petrus se belydenis

Toe baie van die skare wat Jesus altyd gevolg het, begin om van Hom weg te gaan, het Hy vir sy dissipels gevra: “Wil julle nie weggaan nie?”

- Petrus het geantwoord: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is” (Joh. 6:67-69).
- Dit is hierdie belydenis van Petrus wat die grondslag vorm van die navolging van Jesus.
- Later, toe hulle in die omstreke van Sesarea-Filippi was, het Jesus vir sy dissipels gevra wie hulle dink is Hy. Petrus het weer geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die Lewende God.” Jesus het hom salig gespreek en gesê: “Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” Hy het aan hom die belofte gegee dat Hy aan hom die sleutels van die koninkryk van die hemel sal gee.
- Hierdie belydenis van Petrus is inderdaad die fondament waarop die leer van die kerk van Christus rus, en dit vorm daarom die grondslag van sy navolging.

2.2 Word soos die kindertjies

Wie Jesus werklik wil volg, moet soos die kindertjies word, anders kan hy in die koninkryk van die hemel nie ingaan nie.

- Die dissipels het eenmaal onder mekaar geredeneer oor wie die belangrikste is. Hulle het waarskynlik gemeen dat die twaalf ’n belangrike plek in die koninkryk van die hemel sal inneem, en begin redeneer oor wie die belangrikste plek sal inneem. Jesus wys hulle daarop dat daar in die koninkryk van die hemel heeltemal ander waardes toegepas word. “As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.”
- Toe het Hy ’n kindjie geneem en hom omhels, en vir hulle gesê: “As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. En wie so ’n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My” (Matt. 18:1-5).

2.3 Om die kruis op te neem

Die dissipels van Jesus moes leer dat om Hom te volg besondere eise meebring.

- Een daarvan is dat hy moet leer om homself te verloën. Selfverloëning beteken om jou eie wêreldse begeertes en voorkeure op die agtergrond te stel en jou met alle krag te wy aan die belange van die koninkryk van die hemel. Dit is wat dit beteken dat elkeen sy eie kruis moet dra.
- Die pad van gehoorsaamheid aan die eise en belange van die koninkryk mag dalk deur lyding en selfs dood gaan. Dit sal nie vir almal dieselfde wees nie. Elkeen moet sy eie kruis dra.
- Wie Jesus wil volg, moet dus sy eie begeertes prysgee en hom buig onder die wil van Jesus. Hy moet hom nie skaam vir Jesus en sy woorde nie. “Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom.”

2.4 Om Jesus te volg

Selfverloëning en gehoorsaamheid kry besondere nadruk wanneer Jesus met sy dissipels praat oor hoe Hy gevolg moet word. Iemand het na Hom gekom en gesê: “Ek sal U volg waar U ook al gaan.” Hierdie man was vol selfvertroue.

- Jesus wys in sy antwoord daarop dat so ’n stap iets is wat ernstige besinning vereis. Hierdie weg is ’n lydensweg en daarom moet dit vas gewortel wees in die liefde tot God. “Die jakkalse het gate en

voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eers 'n rusplek vir sy kop nie.”

- 'n Tweede eis vir die navolging van Jesus is volstreekte gehoorsaamheid. Toe Jesus vir iemand sê om Hom te volg, het hy gevra: “Here, laat my eers toe om terug te gaan om my pa te gaan begrawe.” Jesus se antwoord hierop klink hard, maar stel die eis duidelik dat daar onmiddellike gehoorsaamheid aan die oproep moet wees: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan jy en verkondig die koninkryk van God.” Natuurlike dinge mag nie 'n verskoning wees om die geestelike belange van die koninkryk te behartig nie.

'n Volgende man het besluit om die keuse te maak om Jesus te volg, maar hy wou eers van sy mense gaan afskeid neem. Hier het Jesus die eis gestel dat hy 'n besliste keuse moes maak, en die keuse moes finaal wees. Wie besluit om Jesus te volg, moet dit heelhartig doen.

2.5 Die ryk jongman en Saggeus

In albei hierdie gevalle, dié van die ryk jongman en van Saggeus, gaan dit om iemand wat nie gebrek aan aardse goed het nie, en illustreer dit die rol wat aardse besit kan speel in die navolging van Jesus.

- Die ryk jongman, wat al die gebooië van sy jeug af onderhou het, het vir Jesus kom vra wat hy moet doen om die ewige lewe te verkry. Hy self het gemeen dat hy niks kortkom nie. Jesus het hom daarop gewys dat hy nog een ding kortkom: hy moet alles verkoop wat hy het en die geld onder die armes uitdeel. Dan moet hy sy kruis opneem en Jesus volg. Die jongman het bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.
- Saggeus was ryk. Hy was die hooftollenaar.
 - Die tollenaars moes die tolgeld insamel en aan die Romeinse owerheid oordra. Die tollenaars het dikwels meer gevra as wat nodig was, en het mense afgepers om hulleself te verryk. Hulle is deur die mense gehaat, omdat hulle gesien is as handlangers van die Romeinse owerheid, en as uitbuiters. Saggeus was so 'n uitgeworpene en was dus nie 'n gelukkige mens nie.
 - Saggeus was klein van persoon, en toe Jesus daarlangs verbygaan met 'n skare mense om Hom, moes hy in 'n boom klim om Hom te sien. Toe Jesus daar kom, het hy opgekyk en vir Saggeus gesê dat Hy in sy huis moet tuisgaan. Saggeus het gou afgeklim en Jesus met vreugde in sy huis ontvang. Dit het Saggeus se lewe verander.
 - Jesus het hom uitgesonder en hom waardig geag om in sy huis te kom. Hy het dadelik 'n volgeling van Jesus geword. Sy aardse goed het nie meer die belangrike plek in sy lewe ingeneem nie; dit het ondergeskik geword aan sy toewyding aan Jesus. Hy het die helfte van sy goed aan die armes gegee, en as hy van iemand iets afgepers het, het hy dit vierdubbel teruggegee.
 - Jesus het van hom gesê: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom.” Deur die genade wat hy ontvang het, het sy aardse goed vir hom van minder waarde geword, en het hy dit juis gebruik om in die koninkryk van God 'n ware volgeling van Jesus te wees.

3. Die verheerliking op die berg

3.1 Wat Jesus op die berg gaan doen het

Jesus het sy dissipels reeds meermale daarop voorberei dat Hy baie sou moes ly en doodgemaak word, en dat Hy op die derde dag uit die dood sou opstaan. Met hierdie gebeurtenis op die berg sou dit nou aan die dissipels duidelik word dat Jesus vrywillig as Middelaar die dood verkies om verlossing en die lewe vir sy volk te bewerkstellig.

Jesus het vir Petrus, Jakobus en Johannes saamgeneem op 'n hoë berg. Dit is nie seker watter berg dit was nie, maar dit kan aanvaar word dat dit 'n berg in die omgewing van Sesarea-Filippi was.

- Lukas vertel dat Jesus op die berg geklim het om te bid. Jesus het Homself meermaal in die eensaamheid teruggetrek om te bid. Terwyl Hy nou hier besig was om te bid, het sy dissipels aan die slaap geraak.

- Toe hulle wakker word, sien hulle dat sy voorkoms verander. Sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. Skielik het Moses en Elia daar verskyn en met Jesus gepraat oor sy “uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi”.
 - Moses was die man van die uittog uit Egipte, en met sy dood het God hom in ’n onbekende graf gelê sodat hy ’n merkwaardige uittog uit hierdie lewe gehad het.
 - Elia is deur God in die hemel opgeneem sodat hy ’n vreemde uittog uit hierdie wêreld gehad het. Binnekort sou Jesus ’n nog vreemder uittog ondergaan in Jerusalem.
- Dit was dus gepas dat juis hierdie twee manne met Jesus in gesprek getree het. Moses en Elia is in besondere sin die verteenwoordigers van die Ou Testament.
 - Moses verteenwoordig die Wet, en
 - Elia die profete.
 - Die Ou Testament word soms saamgevat in die uitdrukking “die Wet en die profete”, en Jesus sê dat Hy gekom het om die Wet en die profete te vervul (Matt. 5:17).
- Terwyl Jesus nou op weg is om die werk wat die verteenwoordigers van die Wet en die profete begin het, te voltooi, kom hierdie groot verteenwoordigers van die Wet en die profete om Hom op hierdie weg te ondersteun.

3.2 Die dissipels se reaksie

Die dissipels was heeltemal oorweldig toe hulle hierdie verskyning sien. Dit was, soos meermale gebeur het, Petrus wat die eerste iets gesê het.

- Petrus het voorgestel dat hulle drie hutte bou – een vir Jesus, een vir Moses en een vir Elia. Hy het hierdie keer impulsief opgetree sonder om goed te weet wat hy sê.
 - Sy voorstel het ingehou dat die hemelse verskyning daar op die berg verleng word. Dan sou dit nie nodig wees om terug te keer na die werklikheid van Jesus se lyde nie.
 - Aan die ander kant was sy voorstel weer ’n versoeking vir Jesus om aan sy lyde te ontkom. Hy het nie hieraan toegegee nie.
- Skielik het daar ’n wolk gekom wat hulle ingesluit het, en daar het ’n stem uit die wolk gekom: “Dit is my Seun oor Wie Ek My verheug. Luister na Hom.” Toe die dissipels die stem hoor, het hulle baie bang geword en op die grond geval. Jesus het hulle gerusgestel.
- Toe hulle weer opkyk, was daar niemand meer behalwe Jesus nie.

3.3 Die doel van die verheerliking

Die stem uit die wolk was die hoogtepunt van hierdie verskyning. Dit was ’n teken van die teenwoordigheid van God. Op hierdie punt waar Jesus nou sy lydensweg moes begin afrond, het God opnuut sy liefde vir sy Seun bevestig.

- Die stem was bedoel vir die dissipels. Dit het hulle verseker van die Goddelike sending van Jesus en hulle tot groter gehoorsaamheid aan Hom beweeg.
- Dit was vir die dissipels steeds nodig om hulle op die lyde van Christus voor te berei. Nadat Jesus net tevore self sy aanstaande lyde aan hulle bekend gemaak het, en Petrus dit toe glad nie wou aanvaar nie (kyk Matt. 16:22-23), het die dissipels nou deur hierdie verskyning ’n dieper insig in die noodsaaklikheid daarvan gekry. Hulle het dit nog nie volledig begryp nie.
- Jesus het hulle verbied om oor die verskyning te praat totdat Hy uit die dood opgewek is. Eers daarna kon hulle van hierdie ervaring getuig.

4. Jesus se wonders en gelykenisse

4.1 Doel van Jesus se wonders

’n Wonder is ’n verskynsel wat buite die gewone, bekende orde van sake om plaasvind. Deur die wonders gryp Jesus onmiddellik in, soms teen die natuurlike gang in, en soms deur gebruik te maak van die natuurlike op heel besondere wyse en momente.

Jesus se wonders toon dikwels sy krag waar dit vir ander onmoontlik is om in te gryp. Daarmee voldoen Hy alreeds aan die eienskappe wat die Ou Testament van die komende Messias geteken het.

Die wonders toon ook sy liefde en barmhartigheid vir die mense. Hy is nie net bewoë oor die mense nie, maar sy bewoënheid sit ook om in die daade waardeur Hy die nood van die mense verlig. Daarom toon sy wonders ook hoe Hy die sonde oorwin en daarom ook die gevolge van die sonde in die mense se lewens regstel.

Die wonders van Jesus bevat ook 'n vooruitsig op die hiernamaals waar daar geen sonde en dood meer sal wees nie, en waar die gevolge van die sonde en die mag van die satan heeltemal tot niet gemaak sal wees. Daarom word die wonders in die eerste drie Evangelies “kragte” genoem wat daarop dui dat daar agter die wonder Iemand is wat die krag uitoefen; en in die Evangelie van Johannes word gepraat van “tekens”, wat juis heenwys na die betekenis van die wonders, wat verder strek as net die onmiddellike gebeurtenis.

'n Hele reeks van Jesus se wonders het gegaan oor die genesing van duiwelbesetenheid. In die besetenheid het die satan sy mag teen Jesus gemonster en só besit geneem van die mens dat hy 'n willose werktuig van die satan geword het. In al die gevalle waar Jesus duiwelbesetenheid genees het, het Jesus dit gedoen deur slegs 'n woord te spreek. Daardeur het Hy sy oormag oor die satan betoon.

4.2 Gelykenisse van Jesus

4.2.1 Gelykenisse van Jesus oor die koninkryk

'n Gelykenis is 'n vergelyking waarin bekende, aardse beelde gebruik word om geestelike, hemelse sake te verduidelik. In sy gelykenisse neem Jesus voorbeelde uit die natuur en uit die alledaagse lewe van die mense, en daarmee illustreer Hy die dieper werklikheid wat daaragter lê. 'n Gelykenis kan ook 'n eenvoudige vergelykende verhaal genoem word omdat daar in 'n gelykenis net een vergelyking – een waarheid – op 'n keer tuisgebring word.

In 'n allegorie word al die verskillende onderdele van die verhaal toegepas op die werklikheid, maar dit geld nie vir die gelykenisse van Jesus nie. Wanneer ons die gelykenisse van Jesus lees, moet ons dus die één waarheid waarom dit gaan, goed verstaan. Daar is wel gelykenisse van Jesus waarin daar ook allegoriese trekke na vore kom, maar dit gaan steeds om die hoofsaak van die gelykenis.

'n Hele aantal van Jesus se gelykenisse handel oor die koninkryk van die hemel. Hulle begin ook meestal met 'n inleiding wat min of meer soos volg lui: “Die koninkryk van die hemel is soos . . .” of “Die koninkryk van die hemel kan vergelyk word met . . .”. Hierdie gelykenisse beskryf die klein begin van die koninkryk en sy einde wat omvattend is, en hoe die verhouding tussen begin en einde is. Die koninkryk het alreeds begin met die koms van die Koning, dit is Jesus, die Messias, maar die koninkryk sal eers in sy volheid aanbreek met die Wederkoms. Tussen die eerste koms en die Wederkoms is daar 'n noodsaaklike tyd van groei en gisting.

Die gelykenisse kan ook lei tot verharding, en daarom verberg hulle die betekenis vir dié wat die Koning van die koninkryk nie aanvaar en in Hom glo nie. Die gelykenisse is dus nie illustrasies van algemene waarhede nie, maar hulle is daar vir die gelowiges wat Jesus aanvaar as Koning om te weet hoe hulle hulle lewe nuut moet inrig in afwagting van sy Wederkoms.

4.2.2 Gelykenisse van Jesus oor verlorenheid

Hierdie gelykenisse moet verklaar word uit die omstandighede waaronder hulle uitgespreek is. Daar het baie tollenaars en sondaars na Jesus gekom, en Hy het hulle vriendelik ontvang en selfs saam met hulle geëet. Veral die Fariseërs het Jesus hieroor kwalik geneem. Hulle het die standpunt ingeneem dat 'n mens jou moet afkeer van mense wat sondaars is. In sy antwoord deur hierdie gelykenisse praat Jesus nie die sondes van hierdie mense goed nie, maar wys Hy daarop dat daar blydschap moet wees wanneer sulke mense hulle bekeer. Hulle was verlore en nou is hulle gevind. So bestraf Hy die Fariseërs en vertrou Hy die tollenaars en sondaars.

4.2.3 Gelykenisse van Jesus wat die Fariseërs ontmasker

Gedurende die laaste week voor die kruisiging van Jesus, en na sy intog in Jerusalem, was Jesus in die tempel. Die priesterhoofde en die familiehoofde het Hom daar gevra oor die gesag waarmee Hy die dinge doen. Toe Jesus vra waarvandaan die doop van Johannes die Doper is – uit die hemel of uit die mense? – wou hulle nie antwoord nie omdat 'n antwoord na die een of ander kant toe hulle in die moeilikheid kon bring. Daarom het Jesus hierdie drie gelykenisse vertel om die geveinsdheid van die Fariseërs aan die lig te bring. Vir die Fariseërs het dit bloot gegaan om die beveiliging van hulle eie posisie en aansien onder die mense, en nie om die koninkryk van die hemel nie. Vir die gelowige moet dit gaan om getrouheid en gehoorsaamheid aan die Koning van die koninkryk ongeag hoe die mense daaroor dink.

4.2.4 Gelykenisse van Jesus oor die gebed

In drie gelykenisse leer Jesus sy dissipels wat die dryfkrag agter die gebed moet wees, watter karakter die gebed moet hê, en in watter gemoedstemming daar tot God gebed moet word. Die kenmerk van die ware gebed is dat die bidder aanhoudend sy begeertes voor God moet blootlê, maar dan moet daar ook ware ootmoedigheid by hom wees.

4.2.5 Gelykenisse van Jesus oor aardse besit

Hoewel Jesus hierdie gelykenisse nie vertel met die oog op die voleinding nie, is daar vir elkeen om wie dit gaan in die gelykenisse 'n eie toekoms wat op 'n bepaalde punt sal begin. Die dag en datum wanneer hierdie toekoms sal begin, is nie bekend nie. Dit is volkome in God se hand. Wanneer hierdie toekoms vir elkeen aanbreek, is dit finaal en dan is daar geen kans meer vir omdraai nie. Daarom bevat die gelykenisse 'n skerp waarskuwing dat die gelowiges hulle in hierdie lewe nie moet oorgee aan die begeerte om groot rykdom en baie besittings te hê nie. Die rykdom van hierdie lewe moet 'n rykdom in God wees, en om dit wat as 'n gawe van God in hierdie lewe ontvang is, te gebruik in belang van sy koninkryk.

5. Jesus se intog in Jerusalem

5.1 Die intog in Jerusalem

Die Lydensweek het begin toe Jesus op die Sabbat in Betanië gekom het. Die dag daarna het Hy sy intog in Jerusalem gemaak.

- Toe die Jode hoor dat Jesus op pad was Jerusalem toe vir die Paasfees, het hulle hom tegemoet gegaan.
- Jesus het twee van sy dissipels gestuur na Betfage, 'n dorpie langs die pad, om daar 'n donkie te gaan haal. Die dissipels het hulle klere op die donkie gelê sodat Jesus daarop kon gaan sit.
- Toe Jesus op die donkie Jerusalem binnery, het die skare Hom met palmtakke begroet en van hulle klere en boomtakkies op die pad gestrooi, terwyl hulle uitroep: “Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!” (kyk Ps. 118:25-26).

5.2 Jesus huil oor Jerusalem

Jesus het die skare nie verbied om Hom so te huldig nie, en selfs toe die Fariseërs vir Hom sê dat Hy die skare moet stilmaak, het Hy gesê: “As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.” Maar Jesus self was nie verheug nie.

- Toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daarvoor gehuil en gesê: “As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is. Maar nou is jy blind daarvoor.”
- Jesus het nie gehuil oor sy eie aanstaande kruisdood nie, maar oor die lot van Jerusalem. Hy het geweet dat die stad oor 40 jaar 'n puinhoop sou word, dat die tempel verwoes sou word, en dat die mense by duisende sou omkom.
- Dit alles sou gebeur weens die sondes van die inwoners en omdat hulle die betekenis van die tyd toe God gekom het om hulle te verlos, nie besef het nie.

5.3 Sommige Grieke wil Jesus sien

Onder die mense wat na die fees toe gekom het, was daar ook 'n aantal Grieke. Hulle het na Filippus gegaan en gevra om Jesus te sien, want Filippus het 'n Griekse naam gehad.

- Jesus het daarin 'n teken van sy aanstaande verheerliking en van die begin van sy koningskap oor al die nasies gesien, en besef dat sy uur van verheerliking nie meer ver is nie.
- Voor sy verheerliking moet sy lyde tot in die dood eers plaasvind. Jesus het geantwoord: “As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in.”
- Jesus wou daarmee op 'n diepsinnige wyse twee dinge aan hulle bekend maak.
 - Die een is dat hulle net volgelinge van Hom kan wees as hulle self eers geestelik sterf. Die eis om hom te volg is selfverloëning.
 - Die ander is dat Jesus self moet sterf om sy volk uit die dood te red. Daarom het Hy daaraan toegevoeg: “Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur” (Joh. 12:27). Daarmee het Jesus te kenne gegee dat Hy Hom gewillig in die dood oorgee as God se Naam maar verheerlik word.

6. Die Paasmaaltyd en die verraad

6.1 Die Paasmaaltyd word voorberei

Die laaste maaltyd wat Jesus op die Donderdagaand met die twaalf gehou het, was van besondere betekenis. Die ou bedeling sou hier afgesluit word.

- Die apostels is hier voorberei op die skeiding van Jesus en op die koms van die Trooster.
- Jesus het hier getoon dat Hy nie gekom het om die Wet ongeldig te maak nie, maar om dit sy volle betekenis te laat verkry.
- Een van die Israelitiese instellings wat so tot sy volle betekenis sou kom, is die Paasfees.
 - Die Paasfees, of Pasga, moes die Jode herinner aan hulle verlossing uit Egipte.
 - Die fees is gevier op die veertiende van die maand Nisan.
 - Die tyd vir hierdie fees het nou weer aangebreek, en daarom het die dissipels gevra waar hulle

- die Paasmaaltyd moes voorberei.
- Jesus het Petrus en Johannes die stad ingestuur. Hulle moes 'n man volg wat 'n kruik water dra. Hy sou hulle 'n groot bovertrek wys waar hulle die Paasmaaltyd kon voorberei.
- Hulle moes sorg vir ongesuurde brood, vir die gebraaide lam met bitter sous en vir wyn. Toe Jesus en die ander dissipels die aand daar aankom, was alles in orde.

6.2 Die voetwassing

Voordat die dissipels hulle plekke aan tafel ingeneem het, het hulle onder mekaar getwis oor wie van hulle die grootste is. Jesus sou hulle 'n voorbeeld gee en in 'n simboliese handeling vir hulle aantoon hoe hulle hulle teenoor mekaar moet gedra.

- Dit was die gewoonte dat almal se voete eers deur 'n slaaf gewas word voordat die maaltyd begin.
- Jesus het opgestaan, sy bokleed uitgetrek en 'n handdoek om Hom vasgemaak. Hy het water in 'n bak gegooi en begin om die dissipels se voete te was.
- Toe Hy by Petrus kom, wou Petrus nie dat Hy sy voete was nie.
 - Jesus het gesê dat as Hy hom nie was nie, Petrus nie deel aan Hom sou hê nie.
 - Toe wou Petrus hê dat Jesus sy hande en sy gesig ook moet was, maar Jesus het geantwoord dat iemand wat klaar gebad het, heeltemal skoon is.

Aan die voetwassing het Jesus die lering vasgeknoop dat Hy as die Leermeester bereid was om hulle soos 'n slaaf te dien. Dit moes vir hulle as 'n voorbeeld dien. Hulle moes ook bereid wees om so mekaar se voete te was.

6.3 Judas se verraad

In sy antwoord aan Petrus het Jesus ook gesê dat nie almal van hulle skoon is nie. Daarmee het Hy Judas Iskariot bedoel, want Hy het geweet dat Judas Hom sou verrai. Dit lyk of die ander dissipels tot op die laaste oomblik nie geweet het wie die verrai was nie.

- Judas se optrede was so geveins dat hulle dit nie gemerk het nie. Toe Jesus aan tafel sê: “een van julle sal My verrai,” was hulle daarvoor verslae.
- Selfs toe Judas die vertrek verlaat het, het party van hulle gedink dat hy moes gaan koop wat vir die fees nodig is.
- Toe Jesus die stukkie brood in die sous gedoop het, het Hy dit vir Judas gegee, en so vir Judas as die verrai aangewys. Judas het dit geneem en dadelik uitgegaan.
- Hy het vooraf al met die priesterhoofde ooreengekom dat hulle hom dertig silwermuntstukke sou betaal as hy sorg dat Jesus in hulle hande kom.

6.4 Instelling van die Nagmaal

Na Judas se vertrek het Jesus die Nagmaal ingestel.

- Met die viering van die Joodse Paasfees was daar vier bekere wyn op die tafel, en die maaltyd is ook in vier dele verdeel. By die begin van elke deel het 'n beker wyn rondgegaan.
 - Met die rondgaan van die eerste beker is die kos op die tafel gesit, naamlik die gebraaide lam, die ongesuurde brood en die bitter sous. Dan het hulle 'n gedeelte van die Hallel gesing, naamlik Psalm 113 en 114.
 - Hierna het die tweede beker rondgegaan. God se seën is gevra, en nadat die huisvader geëet het, kon almal sy voorbeeld volg.
 - Die maaltyd is beëindig met die rondgaan van die derde beker, wat ook genoem is die beker van danksegging, omdat die dankgebed uitgespreek is net voordat dié beker rondgegee is.
 - Daarna is die laaste gedeelte van die Hallel gesing, terwyl die vierde beker rondgegee is, en daarmee het die maaltyd geëindig.

Met die rondgaan van die derde beker, die beker van danksegging, het Jesus die Nagmaal ingestel.

- Hy het die brood geneem, gedank en gesê: “Neem, eet, dit is my liggaam.”
- Toe neem Hy die beker en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes” (Matt. 26:27,28).
- Jesus het ook in die verte die koninkryk van God gesien waar Hy die nuwe wyn saam met sy dissipels sal drink.

6.5 Petrus gewaarsku

Jesus het ook geweet dat sy dissipels Hom sou verlaat wanneer Hy gevange geneem word, en ook dat Petrus Hom sou verloën.

- Toe Hy met sy dissipels hieroor praat, het Petrus dapper gesê dat hy Hom nooit in die steek sal laat nie.
- Jesus het hom gewaarsku dat hy Hom drie maal sal verloën voordat die haan kraai.
- Petrus wou dit nie glo nie en het Jesus verseker dat hy bereid is om selfs saam met Hom te sterwe.